Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
NOVEMBER 2017
Bulletin
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

BURGEMEESTER GEE ERKENNING AAN GEMEENSKAPSLEIERS

Op Donderdagaand, 21 September 2017, het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Rdh Rudolph Smith, gemeenskapslede vereer wat 'n verskil in hul gemeenskappe maak, by 'n prestige-toekenningsplegtigheid vir die Aand van Uitnemendheid, wat in die Ouditorium by die Overstrand Munisipaliteit gehou is. Tydens hierdie jaarlikse geleentheid, word individue erken vir hul buitegewone bydrae tot hul gemeenskappe. Hierdie jaar is erkenning gegee aan die wêreldberoemde staatmaker, Aartsbiskop Desmond Tutu, wie se naam onder diegene was wat 'n sertifikaat vir die Ereburgershandves/Ereburgerstoekenning ontvang het - *in erkenning van 'n lewenslange toewyding aan die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap, en ter ere van sy voortgesette menseregtewerk in die Overstrand-gebied. Ongelukkig was hy nie teenwoordig om sy toekenning te ontvang nie.* Ander toekennings sluit in die Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring, die Overstrandse Vrou van die Jaar en sertifikate vir Presteerders van Uitnemendheid.

Hierdie jaar, was die volgende Kategorieë erken:

Kategorie 1: PRESTEERDER VAN UITNEMENDHEID

NAASWENNERS:

- **Nols Jonas** - Ter ere van sy uitgebreide versorging van rondloper en verwaarloosde "troeteldiere" deur BARC.
- Stanford Bewaring & Herwinning (SCORE) - **Elma Hunter** - Ter ere van die maatskaplike impak op die Stanford-gemeenskap deur bewaringsonderrig, met hulle "rommelstrooiing en herwinnings"-program.
- NIKA Trust - **Hennie Nieman** - Ter ere van proaktiewe pogings in armoedeverligting, deur ondersteuning aan minderbevoorregte persone en gesinne, asook organisasies en gemeenskappe van die Overstrand.
- **Nellie Nokwanele Tebele** - Ter ere van jare se toegewyde en baanbrekersdiens aan die gemeenskap van Zwelihle.

KATEGORIEWENNER:

- **Michael Lutzeyer** - Ter ere van sy bydrae tot die ontwikkeling van verantwoordelike ekotoerisme, deur die vestiging van die "Grootbos Natuurreservaat" en die verwante "Grootbos Stigting".
- **Gladys Gillion** - Ter ere van haar voortgesette bydrae tot die maatskaplike opheffing en bevordering van onderrig in die gemeenskap van Hawston.

Kategorie 2: VROU VAN DIE JAAR

NAASWENNERS:

- **Carolyn Martin** - Ter ere van haar baanbrekersakevernuf en bydrae tot maatskaplike ontwikkeling, met die bevordering van die wynbedryf in Hemel-en-Aarde.
- **Tronel Meintjies** - Ter ere van haar liefdadigheidsbydraes tot die Overstrand-gemeenskappe, as die stigter van "Hermanus staan saam".
- **Johanna Lidia Morgan** - Ter ere van haar bydraes tot die maatskaplike opheffing van die gemeenskap van Zwelihle.
- **Julie Cheetham** - Ter ere van haar uitgebreide bydrae tot jeugontwikkeling in die Overstrand, as 'n werknemer van die "Grootbos Stigting".

KATEGORIEWENNER:

- **Ann Wright** - Ter ere van haar uiters waardevolle bydrae tot gemeenskapsopheffing deur haar werk met verskeie liefdadigheidsorganisasies.

Kategorie 3: OMGEWINGSBEWARING

NAASWENNERS:

- **Grootbos Stigting-bewaringspan** - Ter ere van hulle bydrae tot die preservering en bewaring van fynbos in die groter Overstrand-gebied.
- **Antonio de Silva-Swart** - Ter ere van sy geesdriftige bydrae tot die bewaring van ons strande en onderrig aan ander oor die omgewing.
- **Dr Vic Hamilton-Attwell** - Ter ere van sy geesdriftige bydrae tot en onderrig op die gebiede van Plant- en Dierkunde.
- **Duncan Heard** - Ter ere van sy langdurige bydrae tot bewaring in die groter Hermanus-gebied.

KATEGORIEWENNER:

- **Sheraine van Wyk** - Ter ere van haar uiters waardevolle bydrae tot natuurbewaring, asook sosio-omgewingsonderrig.

Op die foto met die Burgemeester Rudolph Smith, van links na regs, is: Bantu Sam namens Sheraine van Wyk, Conrad Strydom (Jeugpresteerde van die jaar), Ann Wright (Vrou van die jaar), Johan Hugo (Toerisme-ontwikkeling en -bemarking), De Waal Steyn (Entrepreneur) en Michael Lutzeyer (Presteerder van uitnemendheid).

Kategorie 4: ENTREPRENEUR

NAASWENNERS:

- **Jan Lutzeyer** - Ter ere van die suksesvolle vestiging van innoverende aanlynondernemings.
- **Margaret Motsoene** - Ter ere van haar ondernemingsgees en bydraes tot die ontwikkeling van ondernemingsvaardighede.
- **Gilbert Muchanyara** - Ter ere van sy sukses as entrepreneur in die verversingsbedryf.

KATEGORIEWENNER:

- **De Waal Steyn** - Ter ere van sy bydrae en sukses in die drukkers- en aanlynmediabedryf.

Kategorie 5: JUNIOR PRESTEERDER

KATEGORIEWENNERS:

- **Conrad Strydom** - Ter ere van sy besondere bydrae tot die bevordering van onderrig in die Overstrand en groter Suid-Afrika.
- **Camden Jansen** - Ter ere van sy uitstaande poging in die versorging van diere en vrywillige beskikbaarstelling by die "Hermanus Dierewelsynsvereniging".
- **Tairemo Pietersen** - Ter ere van sy uitstaande poging in die versorging van diere en vrywillige beskikbaarstelling by die "Hermanus Dierewelsynsvereniging".
- **Marlen Plaatjies** - Ter ere van sy uitstaande poging in die versorging van diere en vrywillige beskikbaarstelling by die "Hermanus Dierewelsynsvereniging".

Kategorie 6: TOURISME-ONTWIKKELING EN -BEMARKING

NAASWENNERS:

- **Jan Lutzeyer** - Ter ere van bydraes tot die toerismebedryf en bevordering van die Overstrand as 'n wêreldklas-toerismebestemming.

KATEGORIEWENNER:

- **Johan Hugo** - Ter ere van dienste aan die Overstrand-gemeenskap ondermeer vir die ontwikkeling van 'n unieke toerismeproduk en bydraes tot Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO).

Kategorie 7: OVERSTRAND BEAMPTE VAN DIE JAAR

KATEGORIEWENNERS:

- **Aden Johannes** - Ter ere van besondere kliëntediens en toewyding bo en behalwe normale pligte.
- **Liezl de Villiers** - Ter ere van haar innoverende oplossing tot bobbejaanbeheer in die Hermanus-gebied.
- **Marzaan Middleton** - Ter ere van uitstaande en veelsydige dienslewering bo en behalwe pligte.

SKOOLHOOFDE GENOMINEER

- **Lionel Pedro** - Die Bron Laerskool, Stanford
  Ter ere van dienste aan Overstrand-gemeenskappe bo en behalwe onderrig-pligte.
- **Tommy Wilson** - Gansbaai Academia
  Ter ere van dienste aan Overstrand-gemeenskappe bo en behalwe onderrig-pligte.
- **Tommy Volkwyn** - Gansbaai Primêre Skool
  Ter ere van dienste aan Overstrand-gemeenskappe bo en behalwe onderrig-pligte.
- **Julius Swart** - Hawston Primêre Skool
  Ter ere van dienste aan Overstrand-gemeenskappe bo en behalwe onderrig-pligte.
- **Johannes Mouton** - Curro Skool
  Ter ere van dienste aan Overstrand-gemeenskappe bo en behalwe onderrig-pligte.
- **T Morris Tsabalala** - Lukhanyo Primêre Skool, Zwelihle. Ter ere van dienste aan Overstrand-gemeenskappe bo en behalwe onderrig-pligte.

SPESIALE TOEKENNING

- **Archbishop Desmond Tutu** - die Ereburgershandves/Ereburgerstoekenning.
  In erkenning van 'n lewenslange toewyding tot die groter Suid-Afrikaanse gemeenskappe, en in ere van voortgesette menseregtewerk in die Overstrand-gebied.

Onrus mini-oorlaaistasie sluit

Die mini-oorlaaistasie by die Onrus handelspos-winkelkompleks gaan voor Desember toegemaak word ná herhaalde klagtes oor die afgelope jare oor o.a veiligheid, onnetheid en die gepaardgaande gesondheids- en veiligheisrisiko van die fasiliteit.

Dié besluit is geneem nadat Wyk 13 se wykskomitee dit aanbeveel het tydens September 2017 se openbare vergadering. Verskeie ander opsies is oorweeg en daar was ook 'n opname gedoen oor o.a wie almal van die oorlaaistasie gebruik maak.

Omdat die fasiliteit op munisipale grond is, kan daar nie van die huurders in die sentrum verwag word om verantwoordelikheid vir die oorlaaistasie te neem nie.

Die bedoeling van die oorlaaisatsie was nooit dat plaaslike inwoners hul vullis, insluitend tuinvullis, daar mag stort nie. Dit is in 2006 opgerig sodat besoekers wat op 'n ander dag vertrek as wanneer vullis verwyder word, 'n stortingsfasiliteit vir huisafval het. Dit sou voorkom dat daar nie swartsakke rondlê en wat deur rondloperhonde verskeur word nie.

"Ten spyte van die feit dat die oorlaaistasie daar is, het besoekers steeds hul sakke op die sypaadjie uitgesit op dae waarop vullis nie verwyder word nie," het Hermanus se Areabestuurder, Don Kearney, gesê.

Ongelukkig is dit ook 'n bymekaarkomplek vir haweloses. Die aantal haweloses het oor die jare gegroei in getalle en intensiteit. "Dit is ook ontwrigtend vir besoekers aan die sentrum en skep nie 'n goeie algemene indruk by die ingang van die dorp nie," meen Kearney. "Ons merk ook al hoe meer bobbejane in die omgewing op en is bekommerd dat die kese die mini-oorlaaistasie gaan 'ontdek'."

Wanneer vullis afgelaai word, word daar ook graag oorskiet kos aan die hawelose gemeenskap gegee. Veral bejaarde persone word geteiken onder die voorwendsel van hulp terwyl die werklike motivering die footjies is.

Die Onrus mini-ooraaistasie gaan nie summier toegemaak word nie maar dit word beoog om dit teen 30 November 2017 finaal te sluit. Die Munisipaliteit versoek inwoners - veral dié wie vakansiehuise uitverhuur - om voortydige reëlings te tref oor wat gedoen moet word met vullis. Hulle kan dalk met 'n permanente inwoner reël om die dromme en sakke op die geskeduleerde dae uit te sit vir verwydering. Munisipale verwydering van huisafval vind plaas op Maandae (Vermont) en Dinsdae (Onrusrivier).

Hawston sooispitseremonie vir viering

Wes-Kaapse LUR vir Menslike Nedersettings, Bonginkosi Madikizela (vierde van links) en Overstrand Uitvoerende Burgemeester, Rudolph Smith (langs minister) by die Hawston Behuisingsontwikkelingsprojek se sooispitseremonie op Vrydag, 8 September 2017. Saam met hulle, was die onderskeie provinsiale en munisipale beamptes, Overstrand-raadslede, Hawston-gemeenskap se sosiale kontraklede, asook verteenwoordigers van die Implementeringsagentskap en -kontrakteurs.

Die Provinsiale LUR vir Menslike Nedersettings, Bonginkosi Madikizela het op Vrydag, 8 September 2017 saam met Overstrand Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith, met 'n sooispitseremonie op die terrein waar die nuwe behuisingsprojek plaasvind, die multimiljoen-rand Hawston Behuisingsontwikkelingsprojek geloods. Die gebeurtenis was gekenmerk deur groot uitgelatenheid van betrokke gemeenskapslede, kontrakteurs en belanghebbendes.

Die Hawston Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelingsprojek (GROP) wat op 'n gedeelte grond langs die R43 in Hawston geleë is, vorm 'n uitbreiding van 'n bestaande residensiële gebied en is ongeveer 13 hektaar groot. Dit bestaan uit 489 terreine wat 107 residensiële terreine vir die bekostigbare huismark insluit, naamlik die Toelaagbystandsprogram (GAP) en Finansiering-gekoppelde Individuele Subsidieprogram (FLISP), 378 residensiële erwe vir die Breaking New Ground (BNG)-mark, twee sakepersele, twee gemeenskapsgesoneerde terreine en nege oop openbare ruimtes, paaie en 'n stormwater- retensiedam. Hierdie ontwikkeling is verteenwoordigend van die Departement se mandaat om geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings te lewer, waarin begunstigdes toegang tot die hulpbronne het, wat hulle nodig het om te floreer.

Tydens sy toespraak het Burgemeester Smith aan dié teenwoordiges gesê, "Ek dank die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings, die projekbestuurders, implementeringsagent, kontrakteurs, my mede-raadslede en die Overstrand-administrasie, wie se gesamentlike pogings ons vandag tot hier gelei het."

In sy hoofrede, het die LUR Bonginkosi Madikizela die Munisipaliteit geprys vir die vordering wat met die lewering van behuising in die streek gemaak is. Hy het egter daarop gewys dat die regering ongelukkig nie in 'n posisie is om vir 'n onbepaalde tyd gratis behuising te verskaf nie, en sy strategiese doelwit is om vennootskappe met die sake- en banksektor in die Wes-Kaap te bevorder, ten einde die behuisingsbehoefte te verlig. Vir hierdie doel het Madikizela gesê, "Ons sal voortgaan om nou saam met die banke en finansiële instellings te werk, om te verseker dat sorgvuldig-saamgestelde verbandpakkette, wat vir die laer-inkomstegroepe voorsiening maak, aan meer mense beskikbaar gestel word."

"Hierdie ontwikkeling sal 'n aantal mense bevoordeel en is daarop gemik om aan die behoeftes van die mees kwesbare en verdienstelike begunstigdes te voldoen, en die probleem van daardie mense wat te veel verdien om 'n gratis huis te ontvang en te min om 'n verband te kry, aan te spreek", het die minister gesê. Met dit in gedagte, het hy die munisipaliteit gewaarsku om na die behoeftes van die middel-inkomsteklas te luister en om te probeer om die middele te vind om hierdie groep te akkommodeer, wat in wese waardevolle belasting-bydraers is. Hy het die gemeenskap verder aangemoedig om te help, om te verseker dat die ontwikkeling voltooi word, deur nie diegene wat 'n neiging het om sulke projekte te blokkeer of te saboteer, te duld nie. "Toi-toi" vertraag dienslewering. Mense moet hulle eerder uitspreek sodat ons maniere kan vind om enige probleme wat hulle ondervind, aan te spreek."

Loopbaanuitstalling lok groot belangstelling onder Overstrand-jeug

Leerlinge van Qhayiya Senior Sekondêr luister aandagtig terwyl Luvo Bomvana van Overstrand se Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling hulle toelig oor party van die meganisasies en voorgenome loopbaangeleenthede binne die organisasie.

Op Donderdag, 7 September 2017, het die Departement van Regeringskommunikasie en -inligtingstelsels (GCIS), in vennootskap met Zwelihle Youth Café en Vuyani Macotha, Overstrand se wykraadslid vir Zwelihle-Noord, 'n loopbaanuitstalling vir grade 9, 12 en naskoolse-jeug aangebied.

Die geleentheid maak deel uit van die regering se aktiwiteite om die Erfenis-, Staatsdiens- en Toerismemaand wat in September val, te gedenk.

Met die oog daarop om vir die jeug 'n platform te skep om met verskeie belanghebbendes te skakel en inligting oor loopbaanvooruitsigte en gepaardgaande vaardigheidsontwikkelingsprogramme te ontvang, is die uitstalling ook 'n manier om die aantal werklose jeugdiges of gegradueerdes in die land te probeer verminder.

Overstrand vorder goed met minder plastiek

Die Kaapse Walviskus en Hermanus, in die besonder, het nog altyd 'n hele paar omgewingsbewuste inwoners in hierdie pragtige deel van die wêreld gehad. Boonop wil hulle dit so hou en het begin kapsie maak teen die stortvloed van plastiekverpakking waaraan ons blootgestel word, of dit by die supermark, plaaslike wegneemetes of restaurante is.

Meer individue en groepe spreek hulle uit om te sê dat hulle nie kruideniers-ware of vars produkte wat los verkoop kan word, wat oordrewe verpak is en in plastiek of op 'n polistireenbakkie toegedraai word, wil koop nie. Mense is moeg daarvoor dat 'n plastiekstrooitjie in hul drankie gestop word - of hulle dit wil hê of nie - en vir wegneemetes in polistireen, wanneer meer omgewings-vriendelike alternatiewe beskikbaar is.

Daar is al jare lank veldtogte teen afval, wat baie lofwaardig is, maar dit gaan eintlik oor meer as net rommel, is dit nie? Al hierdie versamelde rommel gaan net na die herwinningsdepot of na die stortingsterrein toe. Wat die mikpunt behoort te wees, soos al hoe meer mense besef, is om radikaal die hoeveelheid afval heeltemal te verminder.

Om die leuse van Bea Johnson, die doyen van zero-afval aan te haal:

WEIER - wat jy regtig nie nodig het of wil hê nie, soos enkelgebruikverpakking.
VERMINDER - wat jy nodig het, stop ondeurdagte inkopies – jy sal soveel geld en tyd bespaar.
HERGEBRUIK - wat jy reeds het - glasbottels, papiersakke, maak goed reg, herstel klere.
HERWINNING - wat jy nie kan gebruik nie. Ideaalgesproke moet daar baie min wees om te herwin.
VERROT - Maak kompos van jou voedselafval of gebruik 'n Bokashi-drom as jy in 'n woonstel woon.

Die plaas mark is besig om plastiek radikaal te verminder en talle restaurante besnoei ook op strooitjies en ander enkelgebruikverpakking. Daar is nog baie ruimte vir verbetering, maar in die Overstrand beweeg ons beslis in die regte rigting.

Vir meer inligting, kontak asseblief vir Fiona: fionamatthes@gmail.com of besoek Facebook - Rethink Single Use Plastics.